**Die verstommende genade en trou van die Here**

**Gen 20:1-18**

**29 Oktober 2023**

1. Vantevore: Die Here het oor Sodom geoordeel, maar Hom ontferm oor Lot. Lot is voorberei oor jare deur blootstelling aan Abraham en Sodom se onsedelikheid. Deur die engele roep die Here Lot, as hy huiwer, sleep die engele hom uit Sodom. Daarna loop Lot moeilike pad van heiligmaking eers in Soar, dan in 'n grot in die berge.
2. Historiese gebeure in Gen 20:1-18
    a. Speel af in Gerar (v1), Abraham sê Sara is sy suster, Abimeleg neem haar as vrou (v2)
    b. Die Here konfronteer Abimeleg (v3), maar hy redeneer hy het eerlik opgetree (v4-5)
    c. Die Here stem saam, weerhou Abimeleg van verdere sonde (v6-7)
    d. Abimeleg konfronteer Abraham (v9-10), Abraham verduidelik sy redes (v11-13)
    e. Abimeleg se reaksie: Gee Sara terug, geskenk aan Abraham, blyplek, silwerstukke om Sara se eerbaarheid uit te lig (v14-16)
    f. Abraham bid vir Abimeleg, die Here verhoor hom (v17-18)
3. Ooreenkomste en verskille tussen Gen 12 en Gen 20
    a. Ooreenkomste: Sara as suster, Sara as vrou geneem, die Here konfronteer en tref die konings, geskenke aan Abraham, Abraham gekonfronteer, Sara teruggegee
    b. Verskille: Gen 20 gebeur na baie meer openbaring aan Abraham, Gen 12 geskenk as bruidskat vs Gen 20 geskenk as versoening, Gen 12 word Abraham uit land gestuur vs Gen 20 mag hy in land bly, Gen 12 geen gebed nie vs Gen 20 gebed vir Abimeleg
4. Die werk van die Here met Abimeleg, Sara en Abraham
    a. Abimeleg
        - Ongelowig, maar sensitief vir reg en verkeerd (vgl Rom 1:20)
        - Genade van die Here: weerhou hom van sonde, konfronteer hom, waarsku oor oordeel, verhoor gebed, sien die werk van die Here in Abraham, Abraham is vir hom tot seën
    b. Sara
        - Skuif Sara weer in skadu van Abraham as sy weer as vrou weggee word?
        - Reuse bedrag om van haar eerbaarheid te getuig – Sara is kosbaar
    c. Abraham
        - Selfs na baie openbaring sedert Gen 12, val Abraham weer in kleingeloof
        - Al sondig Abraham, tref die Here die konings, nie Abraham nie
        - Abraham word wel gekonfronteer deur die konings deur die Here
        - Abraham begryp sy redes vir sy optrede is sonder inhoud
        - Abraham moet vir Abimeleg bid
        - Abraham is deel van die verbond, Abimeleg nie
        - Abraham se kleingeloof bedreig nie sy deelname in die verbond nie
            - Die Here lei hom na 'n lewe in geregtigheid
            - Hy moet steeds tot seën wees – en dus bid vir Abimeleg
        - As ons ontrou is, Hy bly getrou, kan Hom nie verloën nie (2 Tim 2:11-13)
    d. Toepassing
        - Ware gelowige: groei in geregtigheid met hulp van die Here, moet nooit twyfel aan jou deelname aan die verbond nie, wees tot seën vir ander
        - Ongelowige: Die Here ken en weerhou jou van erger sonde, let op vir gelowiges wat jou pad kruis – al is hulle onvolmaak